



OFFICIAL GAZETTE

of South West Africa.

Published by Authority.

OFFISIËLE KOERANT

van Suidwes-Afrika.

Uitgegeef op gesag.

1/- Friday, 15th May, 1936.

WINDHOEK

Vrydag, 15 Mei 1936.

No. 673

CONTENTS.

INHOUD.

	<i>Page.</i>		<i>Bladsy.</i>
Proclamations —		Proklamasies —	
No. 78 (Union). Dumping Duty on Metal Manufactures	229	No. 78 (Unie). Dumpingreg op Metaalfabrikate	229
No. 15. Municipal Law Amendment Proclamation, 1936	230	No. 15. Munisipale Wet Wysigingsproklamasie 1936	230
Government Notices —		Goewermentskennisgewings —	
No. 85. Naturalization List, 1925: Amendment of	231	No. 85. Naturalisasie Lys 1925: Wysiging van	231
No. 86. Municipality of Windhoek: Amendment of Electricity Supply Regulations	231	No. 86. Munisipaliteit van Windhoek: Wysiging van Elektrisiteitslewerings-Regulasies	231
No. 87. Grootfontein Cattle Improvement Area: Appointment of Boards	231	No. 87. Beesteverbeteringsgebied van Grootfontein: Aanstelling van Radie	231
No. 88. Clerk of the Court, Outjo: Appointment as	232	No. 88. Klerk van die Hof, Outjo: Aanstelling as	232
No. 89. Gibeon Roads Board: Appointment of Members	232	No. 89. Padkommissie van Gibeon: Benoeming van Lede	232
No. 90. Gobabis Roads Board: Election and Appointment of Members	232	No. 90. Padkommissie van Gobabis: Verkiesing en Benoeming van Lede	232
No. 91. Maltahohe Roads Board: Election of Members	232	No. 91. Padkommissie van Maltahohe: Verkiesing van Lede	232
No. 92. Dog Tax Regulation	232	No. 92. Hondebelasting Regulasie	232
No. 93. Marriage Officers: Appointment as	233	No. 93. Huweliksamptenare: Benoeming tot	233
General Notice —		Algemene Kennisgewing —	
No. 26. List of farms under quarantine as at 11th May, 1936	233	No. 26. Lys van plase onder kwarantyn op 11 Mei 1936	233
Advertisements —		Advertensies —	
Estate Notices, etc., etc.	234	Boedelkennisgewings, ens., ens.	234

PROCLAMATION

BY LIEUTENANT-COLONEL HIS EXCELLENCY THE RIGHT HONOURABLE THE EARL OF CLARENDON, A MEMBER OF HIS MAJESTY'S MOST HONOURABLE PRIVY COUNCIL, KNIGHT GRAND CROSS OF THE MOST DISTINGUISHED ORDER OF SAINT MICHAEL AND SAINT GEORGE, GOVERNOR-GENERAL AND COMMANDER-IN-CHIEF IN AND OVER THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 78, 1936 (Union).]

DUMPING DUTY ON METAL MANUFACTURES.

Whereas by section fifteen of the Customs Tariff and Excise Duties Amendment Act, 1925 (Act No. 36 of 1925), as amended, whenever after investigation and report by the Board of Trade and Industries the Minister of Finance —

- (a) is satisfied that goods which are of a class or kind produced or manufactured in the Union have been or are being exported to the Union at an export price which is less than the domestic value plus the extra cost of packing and packages for export, carriage to port of shipment, and all other expenses incidental to placing the goods on board ship ready for export to the Union; and
- (b) is of opinion that detriment from that cause may result to an industry in the Union and that it would be in the public interest to impose in respect of such goods a dumping duty,

the Governor-General may by proclamation in the *Gazette* notify the class of goods and declare that one or more of the dumping duties enumerated in sub-section (2) of the said section, and set forth in such proclamation shall be levied upon goods of such class on importation into the Union from a country or countries named in the proclamation.

And whereas in consequence of investigation and report by the Board of Trade and Industries the Minister of Finance is satisfied that certain metal manufactures of a class or kind produced or manufactured in the Union have been or are being exported to the Union from Canada and the United States of America at export prices which are less than the domestic value thereof plus the extra cost of packing and packages for export, carriage to port of shipment and other expenses incidental to placing the metal manufactures referred to on board ship ready for export to the Union, and is further of opinion that detriment does result from such cause to the Iron and Steel Manufacturing Industry in the Union by such importation, and that it is in the public interest to impose an "ordinary" dumping duty on such metal manufactures from Canada and the United States of America.

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me as aforesaid, I do hereby declare, proclaim and make known that from and after the date of the publication of this my Proclamation in the *Gazette* there shall be charged, levied, collected and paid on the following iron and steel manufactures, namely —

- all wrought iron and wrought steel tubes or pipes, straight or bent, uncoated, coated or otherwise protected, in sizes up to and including 6½ inches outside diameter, except boiler tubes, boiler stay tubes, super heater tubes and tubes or pipes of galvanized or stainless steel qualities;
- all wrought iron, malleable iron and wrought steel tubular bends of any angle, of all qualities and sizes up to and including 6½ inches outside diameter, whether galvanized or otherwise;

PROKLAMASIE

VAN LUITENANT-KOLONEL SY EKSELLENSIE DIE HOOGDELAGBARE DIE GRAAF VAN CLARENDON, LID VAN DIE MEES EERVOLLE GEHEIME RAAD VAN SY MAJESTEIT, GROOTKRUISRIDDER VAN DIE MEES ONDERSKEIE ORDE VAN SAINT MICHIEL EN SAINT GEORGE, GOEWERNEUR-GENERAAL EN OPPERBEVELHEBBER IN EN OOR DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 78, 1936 (Unie).]

DUMPINGREG OP METAALFABRIKATE.

Nademaal dit by artikel *vyftien* van die „Doeanetarief en Aksijnsrechten Wijzigingswet, 1925" (Wet No. 36 van 1925), soos gewysig, bepaal word dat wanneer die Minister van Finansies, na ondersoek en rapport deur die Raad van Handel en Nywerheid —

- (a) oortuig is dat goedere van 'n klas of soort geproduseer of vervaardig in die Unie, uitgevoer is of uitgevoer word na die Unie teen 'n uitvoerprys wat minder is as die binnelandse waarde daarvan, plus die ekstra koste van pak en verpakking vir uitvoer, vervoerkoste na die hawe van verskeping en alle ander onkoste in verband met die aan boord bring van die goedere bestem vir uitvoer na die Unie; en
- (b) van mening is dat daardeur nadeel veroorsaak kan word aan 'n nywerheid in die Unie, en dat dit in die publieke belang sal wees om op sulke goedere 'n dumpingreg te hef;

die Goewerneur-generaal by proklamasie in die *Staatskoerant* die klas goedere kan bekendmaak en verklaar dat een of meer van die dumpingregte genoem in subartikel (2) van gemelde artikel, en uiteengesit in sodanige proklamasie, op sodanige goedere by invoer in die Unie van 'n land of lande genoem in die proklamasie, gehef word;

En nademaal as gevolg van 'n ondersoek en rapport deur die Raad van Handel en Nywerheid, die Minister van Finansies oortuig is dat sekere metaalfabrikate van 'n klas of soort geproduseer of vervaardig in die Unie, uitgevoer is of word na die Unie van Kanada en die Verenigde State van Amerika teen uitvoerpryse wat minder is as die binnelandse waarde daarvan, plus die ekstra koste van pak en verpakking vir uitvoer, vervoerkoste na die hawe van verskeping en alle ander onkoste in verband met die plasing van die metaalfabrikate aan boord gereed vir uitvoer na die Unie, en verder van mening is dat daardeur skade veroorsaak word aan die yster- en staalvervaardigingsnywerheid in die Unie deur sodanige invoer, en dat dit in die publieke belang is om 'n „gewone" dumpingreg te hef op sodanige metaalfabrikate van Kanada en die Verenigde State van Amerika;

So is dit dat ek, kragtens en ingevolge die bevoegdheid my verleen soos vermeld, hierby verklaar, proklameer en bekendmaak dat, vanaf en na die datum van publikasie van hierdie proklamasie in die *Staatskoerant*, daar op onderstaande yster- en staalfabrikate naamlik —

- alle smeedyser- en smeedstaalbuise of -pype, reguit of gebuig, ongeverf, geverf of andersins beskerm, in groottes tot hoogstens 6½ duim buite-diameter, uitgesonderd vlamppype, ketelsteunpype, oorverhittingsbuise en buise of pype van gegalvaniseerde of vlekvrystaal kwaliteite;
- alle smeedyser, smeedbare yster- en smeedstaal gebuigde pypstukke van enige hoek, van alle kwaliteit en groottes tot hoogstens 6½ duim buite-diameter, hetsy gegalvaniseerd of andersins;

all wrought iron, malleable iron and wrought steel flanges, whether screwed or unscrewed, and whether drilled or undrilled, galvanized or otherwise, suitable for wrought iron and steel tubes or pipes in sizes up to and including 6½ inches outside diameter; and all wrought iron and steel tubular poles other than galvanized where the greatest diameter of the tubular section does not exceed 7½ inches outside diameter,

on importation into the Union from Canada and the United States of America an "ordinary" dumping duty equal to the difference between the "export price" as defined in section nineteen of the Customs Tariff and Excise Duties Amendment Act, 1925 (Act No. 36 of 1925), as amended, and the "domestic value" thereof as defined in that section, plus the extra cost of packing and packages for export, carriage to port of shipment and all other expenses incidental to placing such goods on board ship ready for export to the Union, provided —

- (a) that such difference is greater than five per centum of the export price, and
- (b) that such duty shall not exceed one-half of the value for duty purposes, of the metal manufactures referred to above, as defined in section *fourteen* of the Customs Tariff and Excise Duties Amendment Act, 1925 (Act No. 36 of 1925), as amended, and
- (c) that such dumping duty shall not be imposed in respect of such metal manufactures shipped to the Union from Canada and the United States of America prior to the date of publication of this my Proclamation in the *Gazette*.

GOD SAVE THE KING.

Given under my Hand and the Great Seal of the Union of South Africa at Capetown this Eighteenth day of March One thousand, Nine hundred and Thirty-six.

CLARENDON,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

N. C. HAVENGA.

PROCLAMATION

By HIS HONOUR DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATOR OF SOUTH WEST AFRICA

No. 15 of 1936.]

WHEREAS it is desirable to amend the law relating to municipalities;

NOW THEREFORE, under and by virtue of the powers in me vested, I do hereby proclaim, declare and make known as follows:—

1. The English version of sub-section (1) of section *one hundred and seventy-five* of the Municipal Ordinance, 1935, (Ordinance No. 24 of 1935), is hereby amended by the deletion of the words "sub-section (2)" where they occur herein for the second time, and the substitution therefor of the words "sub-section (1)".

2. This Proclamation may be cited for all purposes as the Municipal Law Amendment Proclamation, 1936.

GOD SAVE THE KING.

Given under my hand and seal at Windhoek this 4th day of May, 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrator.

alle smeedyster-, smeedbare yster- en smeedstaalfense, met of sonder skroefdraad, hetsy geboord of ongeboord, gegalvaniseerd of andersins, geskik vir smeedyster- en staalbuis of pype in groottes tot hoogstens 6½ duim buitenediameter; en alle smeedyster en staal pypvormige pale, nie gegalvaniseerd nie, waar die grootste diameter van die pypvormige deel nie 7½ duim buite-diameter oorskry nie,

by invoer in die Unie van Kanada en die Verenigde State van Amerika, 'n gewone dumpingreg opgelê, gehef, gein en betaal moet word gelykstaande aan die verskil tussen die „uitvoerprys" soos omskryf in artikel *negentien* van die „Doeanetarief en Aksijsrechten Wijzigingswet, 1925" (Wet No. 36 van 1925), soos gewysig, en die „binnelandse waarde" daarvan, soos in daardie artikel omskryf, plus die ekstra koste van pak en verpakking vir uitvoer, vervoerkoste na die hawe van verskeping en alle ander onkoste in verband met die plasing van sodanige goedere aan boord gereed vir uitvoer na die Unie, met dien verstande —

- (a) dat sodanige verskil meer is as *vyf persent* van die uitvoerprys, en
- (b) dat gemelde reg nie meer as die helfte van die waarde van die metaalfabrikate vir doeanedoelindes, soos omskryf in artikel *veertien* van die „Doeanetarief en Aksijsrechten Wijzigingswet, 1925" (Wet No. 36 van 1925), soos gewysig, mag bedra nie, en
- (c) dat gemelde dumpingreg nie ten opsigte van sodanige metaalfabrikate verskeep na die Unie van Kanada en die Verenigde State van Amerika voor die datum van publikasie in die *Staatskoerant* van hierdie Proklamasie, opgelê word nie.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my Hand en die Grootseël van die Unie van Suid-Afrika te Kaapstad, op hede die Agtiende dag van Maart Eenduisend Negehonderd Ses-en-dertig.

CLARENDON,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

N. C. HAVENGA.

PROKLAMASIE

VAN SY EDELE DAVID GIDEON CONRADIE,
ADMINISTRATEUR VAN SUIDWES-AFRIKA.

No. 15 van 1936.]

NADEMAAL dit wenslik is om die wet aangaande Munisipaliteite te wysig;

SO IS DIT dat ek, ingevolge en kragtens die bevoegd-hede my verleen, hiermee proklameer, verklaar en bekend maak as volg:—

1. Die Engelse lesing van sub-artikel (1) van artikel *een-honderd-vyf-en-sewentig* van die Munisipale Ordonnansie, 1935 (Ordonnansie No. 24 van 1935), word hiermee gewysig deur die woorde "sub-artikel (2)" waar hulle vir die tweede keer daarin voorkom, te skrap, en dit deur die woorde "sub-artikel (1)" te vervang.

2. Hierdie Proklamasie kan vir alle doeleindes aangehaal word as die Munisipale Wet Wysigingsproklamasie, 1936.

GOD BEHOEDE DIE KONING.

Gegee onder my hand en seël te Windhoek op hierdie 4de dag van Mei 1936.

D. G. CONRADIE,
Administrateur.

Government Notices.

Goewermentskennisgewings.

The following Government Notices are published for general information.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Secretary for South West Africa.

Office of the Administrator,
Windhoek.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer.

F. P. COURTNEY CLARKE,
Sekretaris vir Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 85.]

[5th May, 1936.

NATURALIZATION.

The correct name of the following entry in the list published under Government Notice No. 114 of the 31st August, 1925, of subjects of the late enemy powers, who have become naturalised as British subjects in terms of the provisions of sub-section (1) of section two of the South West Africa Naturalization of Aliens Act, 1924 (No. 30 of 1924), is as published hereunder and not as appearing in the Schedule to the said Government Notice:—

BARTELS, Hugo Karl Theodor Wilhelm.

No. 86]

[5th May, 1936.

It is hereby notified for general information that the Administrator has been pleased to approve of the subjoined regulation framed by the Windhoek Municipal Council under the provisions of section eight of the Electric Power Proclamation, 1922 (Proclamation No. 4 of 1922), as amended by the Electric Power Proclamation Amendment Proclamation 1927 (Proclamation No. 27 of 1927), being an amendment of the regulations published under Government Notice No. 35 of the 15th February, 1933, as amended by Government Notice No. 27 of the 12th February, 1934, Government Notice No. 110 of the 10th August, 1934, Government Notice No. 148 of the 6th November, 1934, Government Notice No. 142 of the 16th September, 1935, and Government Notice No. 5 of the 2nd January, 1936, and to be read as part of the said regulations.

MUNICIPALITY OF WINDHOEK.

AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

167. Paragraph (b) of Regulation No. 32 is hereby amended by the addition thereto of the following sentence:—

“Such alternating current may be substituted for a continuous current in areas where the latter was commonly supplied, on condition that the Council shall give thirty (30) days notice to all consumers concerned of any such proposed change over in the supply of electric current.”

No. 87.]

[5th May, 1936.

GROOTFONTEIN CATTLE IMPROVEMENT AREA: APPOINTMENT OF BOARDS.

The Administrator has been pleased, in terms of sub-sections (1), (2), (3) and (4) of the Cattle Improvement Ordinance, 1930 (No. 10 of 1930), as amended by the Cattle Improvement Ordinance Amendment Ordinance, 1935 (No. 10 of 1935), to appoint the following persons, in addition in each case to the Government Veterinary Officer for the district of Grootfontein, to serve on the two Boards created by him for the district of Grootfontein for a period of two years from the date hereof:—

No. 85.]

[5 Mei 1936.

NATURALISASIE.

Die korrekte naam van die volgende inskrywing op die lys, gepubliseer kragtens Goewermentskennisgewing No. 114 van die 31ste Augustus 1925 van onderdane van die gewese vyandelike moonthede, wat as Britse onderdane genaturaliseer is ooreenkomstig die bepalings van sub-artikel (1) van Artikel twee van “De Zuidwest-Afrika Naturalisatie van Vreemdelingen Wet 1924” (Wet No. 30 van 1924), is soos hieronder gepubliseer en nie soos dit in die Bylae van die vermelde Goewermentskennisgewing verskyn nie:—

BARTELS, Hugo Karl Theodor Wilhelm.

No. 86.]

[5 Mei 1936.

Hiermee word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag het om die hieronder aangehegte regulasie opgetrek deur die Munisipale Raad van Windhoek ingevolge die bepalings van artikel agt van die “Elektriese Kracht Proklamatie 1922” (Proklamasie No. 4 van 1922), soos gewysig deur die Elektrisiteitsproklamasie-Wysigingsproklamasie 1927 (Proklamasie No. 27 van 1927) wat 'n wysiging is van die regulasies gepubliseer volgens Goewermentskennisgewing No. 35 van die 15de Februarie 1933, soos gewysig deur Goewermentskennisgewing No. 27 van die 12de Februarie 1934, Goewermentskennisgewing No. 110 van die 10de Augustus 1934, Goewermentskennisgewing No. 148 van die 6de November 1934, Goewermentskennisgewing No. 142 van die 16de September 1935 en Goewermentskennisgewing No. 5 van die 2de Januarie 1936, en wat as deel van die vermelde regulasies gelees moet word, goed te keur.

MUNISIPALITEIT VAN WINDHOEK.

WYSIGING VAN ELEKTRISITEITSLEWERINGS-REGULASIES.

167. Paragraaf (b) van Regulasie No. 32 word hiermee gewysig deur die byvoeging daaraan van die volgende sin:—

“'n Aanhoudende stroom kan vervang word deur sodanige wisselstroom in streke waar laasgenoemde gewoonlik gelewer is, op voorwaarde dat die Raad dertig (30) dae kennis gee aan al die betrokke verbruikers van enige sodanige voorgenome verandering vir die lewering van elektriese stroom.”

No. 87.]

[5 Mei 1936.

BEESTEVEBETERINGS-GEBIED VAN GROOTFONTEIN: AANSTELLING VAN RADE.

Dit het die Administrateur behaag ooreenkomstig sub-artikels (1), (2), (3) en (4) van die Beesteverbeterings-Ordonnansie 1930 (No. 10 van 1930), soos gewysig deur die Beesteverbeterings-Ordonnansie Wysigingsordonnansie 1935 (No. 10 van 1935), die volgende persone aan te stel, behalwe die Goewermentsveearts vir die distrik van Grootfontein in elke geval, om op die twee Rade te dien wat deur hom in die lewe geroep is vir die distrik van Grootfontein, vir 'n tydperk van twee jare vanaf die datum hiervan:—

(1) For the Otavifontein Periodical Court area as defined in the Schedule to Proclamation of the Administrator, No. 15 of the 21st April, 1920:

Mr. E. Hoch
Mr. H. von Maltzahn.

(2) For the remainder of the district Grootfontein:

Mr. L. Ochs
Captain Nelson.

(1) Vir die Otavifontein Periodiekehofgebied soos omskrywe in die Bylae van Proklamasie van die Administrateur, No. 15 van 21 April 1920:

Mnr. E. Hoch
Mnr. H. von Maltzahn.

(2) Vir die orige gedeelte van die distrik van Grootfontein:

Mnr. L. Ochs
Captain Nelson.

No. 88.] [5th May, 1936.

The following appointment as Clerk of the Court has been approved:

OUTJO: JACOBUS JOHANNES HUGO MALHERBE, with effect from the 1st May, 1936, vice Mr. van der Berg absent on leave.

No. 88.] [5 Mei 1936.

Die volgende aanstelling as Klerk van die Hof is goedgekeur:—

OUTJO: JACOBUS JOHANNES HUGO MALHERBE, met ingang vanaf die 1ste Mei 1936, in die plek van Mnr. van der Berg, wie op verlof afwesig is.

No. 89.] [11th May, 1936.

GIBEON ROADS BOARD:
APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information, in terms of section *nineteen* of the Roads and Outspans Ordinance, 1927, (Ordinance No. 15 of 1927), that the undermentioned gentlemen have been appointed as members of the Gibeon Roads Board for the period ending 31st March, 1939:—

(1) Albert John Teek Ward No. 1.
(2) Johannes Christoffel Jooste Ward No. 2.
(3) Frederik Jacobus le Grange Ward No. 3.
(4) Hendrik Petrus van der Westhuizen Ward No. 4.

No. 89.] [11 Mei 1936.

PADKOMMISSIE VAN GIBEON:
BENOEMING VAN LEDE.

Vir algemene informasie word hiermee, ooreenkomstig artikel *negentien* van die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 15 van 1927), bekend gemaak dat die hierondergenoemde here as lede van die Padkommissie van Gibeon vir die tydperk eindigende 31 Maart 1939 benoem is:—

(1) Albert John Teek Wyk No. 1.
(2) Johannes Christoffel Jooste Wyk No. 2.
(3) Frederik Jacobus le Grange Wyk No. 3.
(4) Hendrik Petrus van der Westhuizen Wyk No. 4.

No. 90.] [11th May, 1936.

GOBABIS ROADS BOARD:
ELECTION AND APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information, in terms of section *nineteen* of the Roads and Outspans Ordinance, 1927, (Ordinance No. 15 of 1927), that the undermentioned gentlemen have been elected or appointed as members of the Gobabis Roads Board for the period ending 31st March, 1939:—

(1) Pieter Arias Zacharias Burger (elected) Ward No. 1.
(2) Erich Robert Karl Mundt (elected) Ward No. 2.
(3) Carel Petrus Michau (elected) Ward No. 3.
(4) Joachim Petrus Brand (appointed) Ward No. 4.

No. 90.] [11 Mei 1936.

PADKOMMISSIE VAN GOBABIS:
VERKIESING EN BENOEMING VAN LEDE.

Vir algemene informasie word hiermee, ooreenkomstig artikel *negentien* van die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 15 van 1927), bekend gemaak dat die hierondergenoemde here as lede van die Padkommissie van Gobabis vir die tydperk eindigende 31 Maart 1939, verkies of benoem is:—

(1) Pieter Arias Zacharias Burger (verkies) Wyk No. 1.
(2) Erich Robert Karl Mundt (verkies) Wyk No. 2.
(3) Carel Petrus Michau (verkies) Wyk No. 3.
(4) Joachim Petrus Brand (benoem) Wyk No. 4.

No. 91.] [11th May, 1936.

MALTAHOHE ROADS BOARD:
ELECTION OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information, in terms of section *nineteen* of the Roads and Outspans Ordinance, 1927, (Ordinance No. 15 of 1927), that the undermentioned gentlemen have been elected as members of the Maltahohe Roads Board, for the period ending 31st March, 1939:—

(1) Hermann Bracke Ward No. 1.
(2) Ferdinaad Bergemann Ward No. 2.
(3) Gideon Joshua Rossouw Ward No. 3.
(4) Wilhelm Johann Viljoen Ward No. 4.

No. 91.] [11 Mei 1936.

PADKOMMISSIE VAN MALTAHOHE:
VERKIESING VAN LEDE.

Vir algemene informasie word hiermee, ooreenkomstig artikel *negentien* van die Paaie en Uitspanplekke Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 15 van 1927), bekend gemaak dat die hierondergenoemde here as lede van die Padkommissie van Maltahohe vir die tydperk eindigende 31 Maart 1939, verkies is:—

(1) Hermann Bracke Wyk No. 1.
(2) Ferdinand Bergemann Wyk No. 2.
(3) Gideon Joshua Rossouw Wyk No. 3.
(4) Wilhelm Johann Viljoen Wyk No. 4.

No. 92.] [13th May, 1936.

The Administrator has been pleased, under the powers vested in him by sub-section (3) of section *five* of the Dog Tax Ordinance, 1927 (Ordinance No. 14 of 1927), to approve of the following regulation:—

1. The proof to be furnished by the owner of any dog, under the provisions of sub-section (3) of section *five* of the Dog Tax Ordinance, 1927 (Ordinance No. 14 of 1927), shall be, in the case of an owner of land, his title thereto or a certificate by the Registrar of Deeds that he is such an owner, and, in the case of a lessee of land or of grazing rights thereover, his contract of lease or an affidavit by the owner of the land giving particulars of the lease.

No. 92.] [13 Mei 1936.

Dit het die Administrateur behaag om, kragtens die bevoegdhede aan hom verleen deur subartikel (3) van artikel *vyf* van die Hondebelasting Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 14 van 1927), die volgende regulasie goed te keur:—

1. Die bewys wat deur 'n eienaar van 'n hond gelewer moet word, kragtens die bepaling van subartikel (3) van artikel *vyf* van die Hondebelasting Ordonnansie 1927 (Ordonnansie No. 14 van 1927), is **in die geval van 'n grondeienaar**, sy titel vir die grond of 'n sertifikaat deur die Registrateur van Aktes dat hy sodanige eienaar is, en in die geval van 'n **huurder van grond of van weiregte op grond**, sy huurkontrak of 'n beëdigde verklaring deur die grondeienaar waarin besonderhede van die huur aangegee word.

No. 93.]

[13th May, 1936.

No. 93.]

[13 Mei 1936.

MARRIAGE OFFICERS: APPOINTMENT AS.

The Administrator has been pleased, in terms of section *five*, sub-section (2) of the Solemnization of Marriages Proclamation, 1920 (Proclamation No. 31 of 1920), to approve of the appointment of Reverend WYNAND JACOBUS VAN DER MERWE and Reverend JAN FREDERIK DU PLOOY of the "Gereformeerde Kerk van die Unie van Suid-Afrika" as Marriage Officers for South West Africa, for the period 20th May to 30th June, 1936.

HUWELIKSAMPTENARE: BENOEMING TOT.

Dit het die Administrateur behaag om, ooreenkomstig artikel *vyf*, subartikel (2) van "De Huweliksvoltrekkings Proklamatie 1920" (Proklamasie No. 31 van 1920), die benoeming van Weleerwaarde WYNAND JACOBUS VAN DER MERWE en Weleerwaarde JAN FREDERIK DU PLOOY van die Gereformeerde Kerk van die Unie van Suid-Afrika tot Huweliksamptenare vir Suidwes-Afrika vir die tydperk 20 Mei tot 30 Junie 1936, goed te keur.

General Notice.

(No. 26 of 1936.)

The following is published for general information:—

LIST OF FARMS UNDER QUARANTINE AS AT 11TH MAY, 1936.**ANTHRAX:**

KARIBIB: Okapaue 4.
 REHOBOTH: Duruchas.
 GIBEON: Dobbin, Haruchas.
 OTJIWARONGO: Rooibult 297.
 GOBABIS: Dabis 298, Okasewa 120, Coetzee 249, Good Hope 397, Lucia 312, Omatewa 113, Farm 317, Mark West 304, Spandau 149, Lee Enfield 303, Van Zyl 244, Okahake 175, Kehoro 183, Klein Witvlei 82.
 OUTJO: Karachas 185, Meyerton, Gamkarab 176.

BLACKQUARTER:

OUTJO: National 129.
 GOBABIS: Anaboom 400, Okarapuko, Uichenas 361, Herberg 381, Kamingana 204, Becker 45.
 OTJIWARONGO: Klein Otjikango 47, Gr. Ozombutu 124, Ovuraura 68.
 KARIBIB: Okauakondou 10, Erora 12, Erora 13.
 OKAHANDJA: Okauapehuri 19, Waldau 12, Omuserakumba 14, Okatjimo 30, Ongombekajemane 124.
 REHOBOTH: Girib, Berghausen, Wiese, Friedental, Kalkdraai.
 OMARURU: Etendero, Ongariwanda 31, Okongue 94.

M. M. NESER,
 Senior Veterinary Surgeon.

Windhoek,
 11th May, 1936.

Algemene Kennisgewing.

(No. 26 van 1936.)

Die volgende word vir algemene informasie gepubliseer:—

LYS VAN PLASE ONDER KWARRANTYN OP 11 MEI 1936.**MILTSIEKTE:**

KARIBIB: Okapaue 4.
 REHOBOTH: Duruchas.
 GIBEON: Dobbin, Haruchas.
 OTJIWARONGO: Rooibult 297.
 GOBABIS: Dabis 298, Okasewa 120, Coetzee 249, Good Hope 397, Lucia 312, Omatewa 113, Plaas 317, Mark West 304, Spandau 149, Lee Enfield 303, Van Zyl 244, Okahake 175, Kehoro 183, Klein Witvlei 82.
 OUTJO: Karachas 185, Meyerton, Gamkarab 176.

SPONSSIEKTE:

OUTJO: National 129.
 GOBABIS: Anaboom 400, Okarapuko, Uichenas 361, Herberg 381, Kamingana 204, Becker 45.
 OTJIWARONGO: Klein Otjikango 47, Gr. Ozombutu 124, Ovuraura 68.
 KARIBIB: Okauakondou 10, Erora 12, Erora 13.
 OKAHANDJA: Okauapehuri 19, Waldau 12, Omuserakumba 14, Okatjimo 30, Ongombekajemane 124.
 REHOBOTH: Girib, Berghausen, Wiese, Friedental, Kalkdraai.
 OMARURU: Etendero, Ongariwanda 31, Okongue 94.

M. M. NESER,
 Hoofveearts.

Windhoek,
 11 Mei 1936.

Advertisements.

ADVERTISING IN THE OFFICIAL GAZETTE OF SOUTH WEST AFRICA.

1. The *Official Gazette* will be published on the 1st and 15th day of each month; in the event of either of those days falling on a Sunday or Public Holiday, the *Gazette* will be published on the next succeeding working day.

2. Advertisements for insertion in the *Gazette* must be delivered at the office of the Secretary for South West Africa (Room 46, Government Buildings, Windhoek) in the languages in which they are to be published, not later than 4.30 p.m. on the *ninth* day before the date of publication of the *Gazette* in which they are to be inserted.

3. Advertisements will be inserted in the *Gazette* after the official matter or in a supplement to the *Gazette* at the discretion of the Secretary.

4. Advertisements will be published in the *Official Gazette* in the English, Dutch or German languages; the necessary translations must be furnished by the advertiser or his agent. It should be borne in mind however, that the German version of the *Gazette* is a translation only and not the authorised issue.

